Verwysing: 20180726-4658
12/12/45
Navrae: B Hammond

Omsendbrief: 0026/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van alle skole

Kort opsomming: *Skole moet seker maak dat gebeurlikheidsplanne vir noodgevalle in plek is.*

Onderwerp: Gebeurlikheidsplanne wat vir noodgevalle by skole in plek moet wees

1. Daar was onlangs 'n paar voorvalle wat die Hoof van die Departement (HvD) van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) genoodsaak het om skole te versoek om hul veiligheidsplanne, met spesifieke verwysing na effektiewe toegangsbeheermaatreëls en hul gebeurlikheidsplanne in noodgevalle, te hersien.

2. Skole word versoek om seker te maak dat hulle goeie funksionerende veiligheidskomitees in plek het en dat personeellede bewus is van hul toepaslike verantwoordelikhede indien enige noodgevalle sou ontstaan.

3. Skole word herinner om seker te maak dat alle nodige ontruimingsprosedures en verantwoordelikhede in plek is en dat ontruimingsoefening gereeld uitgevoer word.

4. Indien enige skool verdagte oproepe of beweerde bomdreigemente ontvang, moet die Blitspatrollie (Flying Squad) by 10111 gekontak word, voor dit onder die aandag van die distrikskantoor en Veilige Skole gebring word.

5. Sodanige oproepe moet met die nodige erns hanteer word totdat wetstoepassers toestemming gee dat onderrig weer kan voortgaan.

6. Sodanige voorvalle moet altyd kalm hanteer word, en vir sekuriteitsdoeleindes word aanbeveel dat alle medianavrae na Bronagh Hammond (Direkteur van Kommunikasie) by 072 724 1422 of Bronagh.hammond@westerncape.gov.za verwys word.

7. Die veiligheid van ons leerders en opvoeders is van die grootste belang en ons vra dus dat alle skole die nodige voorsorgmaatreëls tref om vir enige noodgevalle voor te berei.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-07-26